# 5 Augustus - NAAM

**Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-7**
**Fokusgedeelte: Jesaja 43:1**

Mens kan jou moeilik indink in die verskrikkinge van die Babiloniese ballingskap. Dit was 'n geweldige beproewing, 'n tyd van hartseer en trane. Daar was die wreedhede van 'n vyandige inval in die land, gesinne wat vaders of moeders of kinders verloor het. Daar was grootskaalse plundering en verwoesting van alles wat oor jare opgebou is. En uiteindelik is die volk van die Here soos diere bymekaar gemaak en aangejaag na 'n vreemde land toe.

Geen wonder dat hulle gekla het dat die Here hulle verlaat het en van hulle vergeet het nie (49:14). Dit het vir hulle gevoel asof die Here nie raaksien wat van hulle word nie, en asof hulle reg by God verbygaan (40:27).

Teen hierdie agtergrond moes dit 'n wonderlike troos vir die ballinge gewees het om die goddelike versekering te kon ontvang: *"Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne."* Want die feit dat die Here sy kinders op die naam ken, sê vir ons dat Hy omgee, dat jy nie maar net 'n nommer vir Hom is nie, dat jy vir Hom belangrik is. 'n Koning wat miljoene onderdane het, kan onmoontlik nie almal op hulle name ken nie, maar hy ken daardie mense wat vir hom belangrik is, wat naby aan hom is. En dit is wat hier bedoel word. Jy is belangrik vir ons hemelse Vader. Jy is naby aan Hom.

Dit word bevestig deur die versekering in vers 4: *"Omdat jy vir my kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet ..."* Die groot bewys van ons hemelse Vader se liefde, dat ook ons vir Hom kosbaar is, spesiaal is, is dat Hy sy Seun, Jesus Christus, tot aan die kruis vir ons gegee het. Hy het ons met sy bloed gekoop. Hy ken ons op die naam.

Daarom kan jy in die benouendste tye gelowig vashou aan die troswoorde van vers 2: *"As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie."*

*Sing: Skrifberyming 11-2:1, 2* *Ds CJH Breed (Secunda)*